A R T I K E L

Dr A E Carl
Department Didaktiek
Universiteit Stellenbosch

# Die moontlike waarde van Geskiedenis as skoolvak binne 'n multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing

## 1. INLEIDING

### 1.1 Uitdagings

In 'n komplekse en steeds ontwikkelende multikulturele samelewing soos die RSA, is dit essensieel dat kurrikula steeds relevant sal bly. Die invoer van nuwe en weglating van irrelevante inhoude, blyk essensieel te wees. Aansluitend daarby is die voortbestaan en relevansie van sekere skoolvakke ook ter sprake en ook wat hul spesifieke bydrae binne hierdie ontwikkelende en veranderende samelewing kan wees. Ook ten opsigte van Geskiedenis word vrae gestel oor die sin en waarde daarvan as skoolvak. Om antwoorde op hierdie vrae te verskaf, sal daar opnuut na die doelstellings gekyk moet word. Hierdie vrae word ook gestel in die konteks van die breë Suid-Afrikaanse samelewing.

Ashley (1988 : 2) beweer dat die huidige breë kurrikulum nie daarin slaag om die komplekse en ingewikkelde werklikhede van die Suid-Afrikaanse samelewing behoorlik aan te spreek nie. Viljoen (Die Burger 4 Maart 1988, soos aangehaal deur Steyn 1989 : 1) bepleit ook die omvattende hersiening van leerplanne, veral ten opsigte van die swart onderwysbevolking wat leerplanne wat deur blankes ontwikkel is, net so onveranderd oorgeneem het. Dit is egter slegs een van die talle uitdagings wat in 'n veranderende Suid-Afrika op die onderwys wag. Ander uitdagings (wat net hier vermeld sal word) sluit onder andere die volgende in:

* Die verkryging van 'n versoening tussen algemeenvormende akademiese onderwys en beroepsgerigte onderwys.
* Die beter verrekening van mannekragbehoeftes in kurrikula deur 'n beroepsgeoriënteerde benadering.
* Die vermoë tot beroepsaanpasbaarheid ("vocational flexibility").
* Die vernouing van die gaping tussen uiteenlopende onderwysbehoeftes en verwagtings van die multikulturele samelewing en die beskikbare onderwyshulpbronne.

  – Die voorsiening in die werklike leerbehoeftes (ontwikkelde en ontwikkelende) van die totale bevolking.
  – Versoening tussen die behoefte aan kultuuroordrag, ideologiese weerbaarheid en onderwysbehoeftes (neem kultuurverskille so in ag dat alle bevolkingsgroepe gelyke voordeel daaruit trek.) Maak voorsiening vir kulturele verskille binne breë nasionale verband.
  – Onderwysproduktiwiteit en die kurrikulum.
  – Bestryding van omgewingsgestremdheid (kyk Steyn 1989 : 3-14 vir 'n meer volledige beskrywing).

Hierdie uitdagings word nie net gerig aan kurrikuleerders nie, maar ook aan sielkundiges, filosowe, metodoloë en sosioloë, aldus Dhlomo (1989 : 6). Dhlomo (1989 : 2) dui ook aan dat dit binne hierdie samelewing met al sy uitdagings is wat die bevolking vir die lewe voorberei moet word.

Dit is teen hierdie breë agtergrond dat daar gekyk moet word na die waarde van Geskiedenis binne 'n multikulturele samelewing en hoe dit kan bydra om hierdie uitdagings die hoof te bied. Daar word nie hiermee ontken dat ander vakke ook die waardes inhou wat aan Geskiedenis gekoppel word nie. Elke skoolvak sal egter moet ondersoek instel in watter mate hy met sy vakinhoude en doelstellings hierdie waardes probeer realiseer.

### 1.2 Multikultureel

Voordat die onderskeie waardes belig word, word die term "multikultureel" eers toegelig. Dhlomo (1989 : 2)

# Die moontlike waarde van Geskiedenis as skoolvak binne 'n multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing

waarsku egter: "One should be heedful of the fact that the term . . . may be viewed with distrust . . . by some who are wary of any kind of teacher behaviour that may emphasize group differentiation and/or discrimination."

Multikulturele onderwys behoort volgens hom ook bekend te staan as "nie-rassistiese onderwys" of "demokratiese onderwys". Hierdie onderwys behoort mense voor te berei vir 'n gemeenskap met diverse kulture, wat gekenmerk word deur aspekte soos sensitiwiteit vir mekaar, respek vir ander en die vermoë om objektief besluite te neem.

Sonder om 'n lang debat te voer oor wat die begrip as sodanig behels, word daar volstaan met die volgende verklaring wat poog om alle moontlike interpretasies te akkommodeer: "'n Multikulturele gemeenskap is 'n gemeenskap wat bestaan uit 'n verskeidenheid van kulture en word gekenmerk deur verskille ten opsigte van beskawingspeil, strewes en ideale" (Fourie 1989 : 25). 'n Multikulturele gemeenskap bestaan dus nie noodwendig uit verskillende etniese groepe nie, want dan kan sommige persone veelrassigheid as sinoniem daarmee beskou. Ook binne een etniese groep (bv. blankes) kan daar 'n multikulturele samestelling wees. Suid-Afrika word egter gekenmerk deur 'n ryke verskeidenheid van kultuurgroepe en dit is hierbinne wat Geskiedenis dan 'n besondere funksie te vervul het.

Vervolgens sal die moontlike waardes van Geskiedenis as skoolvak binne 'n multikulturele Suid-Afrika toegelig word.

## 2. MOONTLIKE WAARDES

### 2.1 Lesse uit verlede (basis vir besluitneming)

Daar word beweer dat aspekte uit die verlede as lesse vir die hede behoort te dien, en selfs in huidige situasies toepas behoort te word (Wesley and Wronski, 1966 : 51). Dit kan egter nie net so aanvaar word nie, aangesien historiese gebeure as gevolg van die tydsverloop, die verskillende figure wat daarby betrokke is, ens., nooit identies kan wees nie.

Dreyer (1974 : 1) waarsku dat wat vir 'n sekere tyd gegeld het, nie net so oorgedra kan word nie. 'n Interessante siening is dié van Reeves (1980 : 3) dat foute wat in die verlede begaan is, as waarskuwing moet dien waarop ag geslaan behoort te word, bv. Napoleon se rampspoedige Russiese veldtog (1812), moes as waarskuwing vir Hitler gedien het voordat hy die Russiese inval tydens die Tweede Wêreldoorlog geloods het.

So sal sillabusontwerpers/-kurrikuleerders hiermee moet rekening hou dat die foute van die verlede nie herhaal sal word nie. Nuwe sillabusse wat steeds 'n eensydigheid toon (na watter kant toe ook al) kan moontlik daartoe lei dat eensydige, eng perspektiewe maar net weer na daardie kant toe gevorm word. Dan word die besondere waarde van Geskiedenis opgehef.

'n Verdere perspektief in dié verband, is dat Geskiedenisonderwys kan bydra tot groter, meer effektiewe probleem-oplossing. Kontemporêre probleme kan moontlik opgelos word deur historiese gebeure te evalueer (Wesley and Wronski 1966 : 454). Sodoende kan 'n wyer perspektief verkry word deurdat engheid en bekrompenheid beperk word as gevolg van die besef dat huidige probleme nie altyd uniek aan die hede is nie. Shafer (1969 : 9-12) beweer dat daar eerder parallelle tussen die hede en die verlede getrek moet word.

Alhoewel situasies en omstandighede nooit weer dieselfde kan wees nie, kan daar in elk geval gekontroleer word hoe sekere probleemsituasies gehanteer is, en of daar ooreenkomste met die huidige probleem is wat moontlik tot die oplossing daarvan kan bydra (Carl 1982 : 35-36; 1983 : 29).

### 2.2 Verklaring van die hede

Baie nou aansluitend by die vorige, is die siening dat die hede meer verstaanbaar word deur die verlede te bestudeer (Elton 1967 : 48). Deur verbandlegging tussen die hede en verlede, kan die mens tot groter begrip van die hede kom (Thom 1964 : 168-169). So kan Geskiedenis help dat leerlinge huidige ontwikkelinge beter verstaan en binne perspektief kan plaas. Of die vakonderwyser ooit verbande tussen die verlede (soos wat die inhoud van hierdie gebeure in die sillabus vervat word) en die hede probeer lê, is natuurlik 'n vraag. Indien hy dit wel doen, kan die leerling moontlik die hede beter begryp en dit meer sinvol beleef (Carl 1982 : 36-36; 1983 : 29).

Tooke (1989 : 2-3) sê ook dat veral in 'n snelveranderende en komplekse samelewing ". . . (it) can act as a touchstone against which human values can be measured or tested, reaffirmed or modified so that a perception of a desired future might emerge." Sy beweer ook dat die jeug moet leer om vaardighede te ontwikkel en bereid moet wees om in die hede probleme te kan identifiseer en op te los. Daarom moet Geskiedenis, en ook ander vakke, hierdie konsepte en vaardighede vroegtydig identifiseer en ontwikkel.

### 2.3 "Voorspelling" van die toekoms

Reeves (1980 : 11-12) is van mening dat Geskiedenis die mens help om 'n vastrapplek in die wêreld te kry, deurdat heelwat veranderinge nog steeds geld vir die hede en dat dit kan help om die toekoms te voorspel.

Vir Wesley en Wronski (1966 : 452) is die waarde van Geskiedenis daarin geleë dat elke georganiseerde sosiale groep deur die kennis uit die verlede gelei kan word, dit wil sê as gids in die hede optree om vir die toekoms te beplan.

Twyfel word uitgespreek of Geskiedenis kan help om die

toekoms te voorspel. Die toekoms is die produk van die hede en beplanning vir die toekoms berus op die ondervindinge van die verlede en die hede, en in hierdie opsig word daar swaar op Geskiedenis geleun. Alle faktore wat tans in werking is en wat aanbeveel word, moet oorweeg word om doelwitte daar te stel wat nagestreef kan word. Dit sal natuurlik nie altyd die gewenste uitwerking hê nie omdat omstandighede kan verander vanaf die beplanning tot en met die uiteinde daarvan. Daniels (1972 : 107-110) beklemtoon dit dat Geskiedenis eerder kan help om meer insig vir die onvoorspelbare te hê. Dit is juis hierdie wisselvalligheid en gedurig veranderende omstandighede wat meebring dat die toekoms nie akkuraat voorspel kan word nie, maar dat daar hoogstens riglyne daargestel kan word hoe gebeure moontlik kan verloop (Carl 1982 : 37-38; 1983 : 29).

Geskiedenis is die ideale skoolvak om hierdie perspektief by leerlinge te ontwikkel en ontwikkelingstendense te verstaan. Sunter se opmerking, "The future ain't what it used to be" sluit hierby aan deurdat die toekoms moeilik voorspelbaar is juis as gevolg van snelle veranderinge. Leerlinge kan egter 'n begrip hiervoor ontwikkel want Geskiedenis handel tog in wese oor die mens binne tyd en gebeure.

**2.4 Groter selfbegrip vir sinvolheid van bestaan**

Die mens is wesenlik die resultaat van sy geskiedenis. Daarom moet die leerling die geleentheid kry om sy herkoms te bestudeer sodat hy homself beter binne sy tyd kan begryp en verstaan. Sodoende kan hy vasstel hoe hy sy moontlikhede verwerf het (Dreyer 1974 : 18).

Geskiedenis is meer as net bloot 'n studie van oorsaak en gevolg. Deur 'n beter begrip van die hede, kan daar 'n suiwerder perspektief, groter doelbewustheid en koersvastheid in die leerling se persoonlike, nasionale en kulturele lewe wees. Hy kan sy verantwoordelikhede binne so 'n multikulturele samelewing ook beter besef en aanvaar. Thom (1964 : 168-169) is van mening dat die mens (dus ook die kind) geestelik armer is sonder hierdie selfbegrip.

**2.5 Bron van waardes**

Binne 'n multikulturele samelewing moet keuses gemaak en oordele gefel word omdat daar sekere waardes en norme geld. Die studie van Geskiedenis kan leerlinge moontlik help om objektiewe waarde-oordele te fel wat op feite en 'n deeglike analise-sintese gegrond is. Sonder om te sê wat reg en verkeerd is, word die leerlinge van inligting voorsien waaruit hy dan self 'n oordeel kan fel.

Dreyer (1974 : 20) meld dat hierdie waarde-oordele van baie groot belang is en dat die nodige insig nodig is om die regte keuses te kan maak. Dikwels is daar te min begrip vir en insig in die waardes wat in die verlede geleë is en vir die toekoms van groot waarde kan wees.

**2.6 Begripsraamwerk**

'n Basiese intellektuele aspek wat essensieel is binne enige gemeenskap en wat deur Geskiedenis ontwikkel kan word, is dié van die ontwikkeling van 'n begripsraamwerk. Geskiedenisvakonderwys kan ook die verwerwing van konsepte bevorder. Deur konsepvorming kan leerlinge se begrip van sekere basiese sosiale, ekonomiese en politieke konsepte (begrippe) verbeter. Deur sodoende 'n groter begripsraamwerk te verwerf, kan gebeurtenisse en verskynsels uit die verlede asook van die hede, beter verstaan word (Carl 1982 : 39-40; 1983 : 30).

**2.7 Sosiale verhoudinge en lojaliteite**

In die VSA word onomwonde verklaar dat Geskiedenis as skoolvak help om patriotisme en demokratiese houdings te bevorder, en is dit in byna al die state 'n verpligte skoolvak. Lojaliteite teenoor 'n voorgeslag en dié se beginsels, word versterk en leerlinge kan hulle met hul ryk historiese agtergrond identifiseer (vgl. Banks 1977 : 219).

Geskiedenis kan hierdie houdings versterk en bevorder, maar nie noodwendig kweek nie. Deur slegs die positiewe en harmonieuse aspekte uit die verlede te beklemtoon, word 'n skewe beeld geskets. Die foute en tekortkominge wat begaan is in die poging om 'n demokratiese gemeenskap daar te stel, moet ook uitgebeeld word (vgl. Bankes 1977 : 219-220).

Deur so 'n getroue en eerlike beeld te skets, kan leerlinge se begrip vir, en lojaliteite aan, sy gemeenskap eerder bevorder word. Eerbied en respek vir ander groepe maak ook deel van hierdie lojaliteite uit.

**2.8 Perspektiefverlening**

Geskiedenis kan sò aangebied word dat leerlinge verskynsels, gebeurtenisse en tendense in groter perspektief kan plaas deur die hede met die verlede te vergelyk. 'n Besondere aspek is dat leerlinge deur die studie van Geskiedenis, in aanraking kom met die ervaringe van hulle voorgeslagte en met ander kulture en dit kan 'n groter perspektief meebring oor waar hulle in die geheel inpas. Hul insig op die groot wêreld met sy mense en kulture kan verruim word, sowel as die besef van hul regte, voorregte, pligte en verantwoordelikhede. Dit kan selfs 'n groter respek en agting vir ander nasies en kulture meebring (vgl. Thom 1964 : 168-169; Gunter Augustus 1975 : 67-68).

Kapp (1986 : 5-7) verwys na kulturele vorming en volwassenheid wat meebring dat leerlinge respek en waardering sal toon vir ander kulture, lande en volke. So kan Geskiedenis help dat hy 'n meer gebalanseerde en ryker persoon kan wees. Die implikasie is dat daar selfs verskillende leerplanne kan wees en dat die belange van alle gemeenskappe in ag geneem moet word. Perspektief verlening moet uiteindelik daartoe lei dat leerlinge breë insigte en kennis het en self standpunt kan inneem (en natuurlik respek toon vir ander standpunte).

## Die moontlike waarde van Geskiedenis as skoolvak binne 'n multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing

Gedagtes, idees en gebeurtenisse, ens. kan in verhouding tot hulle historiese tyd gesien word en probleme kan in die lig van hulle betrokke tydsgewrig van alle kante af benader word (Carl 1982 : 40-41; 1983 : 30). Perspektiefverlening gaan ook met 'n kritiese ingesteldheid saam en wil leerlinge uiteindelik ook polities geletterd maak.

### 2.9 Verkryging van kennis en selfkennis

'n Besondere waarde is dat die studie van Geskiedenis nie net groter kennis bevorder nie, maar ook selfkennis. Die begeerte na groter kennis kan dus bevredig word. Geskiedenis help om nuuskierigheid en die dors na kennis te les, deurdat die leerling leer om self ondersoek in te stel. Hy moet sy individuele menings en sienings op kennis baseer en bereid wees om dit (sy mening) te wysig as hy nuwe kennis opdoen. Die studie van Geskiedenis bly steeds 'n persoonlik-individuele ondersoek en verskaf boonop goeie oefening in die kuns om met komplekse abstraksies te onderhandel en hulle tot iets verstaanbaars te reduseer. Geskiedenis toon aan die leerling hoe feite en idees saam gebruik kan word, byvoorbeeld idees ontstaan op grond van feite en die feite word weer daarna georganiseer en geïnterpreteer na aanleiding van die idees (Daniels 1972 : 10; Carl 1982 : 41-42). Dit het dus dié waarde dat dit nie net gaan oor kennis ter wille van die kennis nie, maar oor wat met daardie kennis gedoen word.

Hierdie soeke na kennis moet ook 'n soeke na die waarheid wees. In dié verband sê Elton (1867 : 48-50) dat Geskiedenis slegs die moeite werd is as dit die waarheid nastreef en die bydrae wat dit lewer is geleë in die soektog daarna. Daar is die gevare van vooroordeel en propaganda, maar die historikus se integriteit behoort die veiligheidsmaatreël hierteen te wees om professionele doeltreffendheid te verseker.

Marwick (11970 : 12-13) is oortuig dat die gemeenskap Geskiedenis nodig het, want daardeur ken hy homself. Daarsonder sal hy koersloos ronddryf. Hy haal Cicero aan: "Not to know what took place before you were born, is to remain forever a child." Deur middel van hierdie kennis word dinge teen mekaar opgeweeg en word dit duidelik hoekom hulle op 'n sekere wyse ontwikkel het en hoe dit in 'n groter geheel inpas.

Die uitdaging is dat leerlinge binne 'n multikulturele gemeenskap met hierdie selfkennis in staat sal wees om ander te leer ken, te waardeer en te respekteer. Geskiedenis is by uitstek hiervoor geskik, maar dan sal kurrikuleerders (vanaf sillabus- en kurrikulumkomitees tot by die onderwyser) hiervoor doelbewus voorsiening moet maak.

### 2.10 Kritiese ingesteldheid

Geskiedenis kan 'n kritiese houding by leerlinge ontwikkel, aangesien die waarheid nie na behore sonder so 'n ingesteldheid nagestreef kan word nie. Leerlinge moet leer om intellektueel nuuskierig en positief bevraagtekend teenoor byvoorbeeld gebeure en tendense te staan, om objektief na te dink, om voor- en nadele teen mekaar op te weeg en om tussen feite en veralgemenings te onderskei. So 'n intellektuele denkvermoë is essensieel om sinvol besluite te kan neem (Carl 1982 : 43). Dan kan hulle leer om hul plek binne so 'n gemeenskap vol te staan.

Visser (1989 : 142-143) en Du Preez (1983 : 17) sluit hierby aan en beweer dat leerinhoude 'n te klein bydrae lewer tot die ontwikkeling van 'n kritiese ingesteldheid by die skoolgaande jeug. Hierdie ingesteldheid is juis nodig om die problematiek en samestelling van die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing te kan verstaan. Geskiedenis moet leerlinge help om nie net werklikhede te aanvaar nie, maar krities daarteenoor te staan. Ook hiermee sal kurrikuleerders op alle vlakke rekening moet hou ten einde hierdie ideaal te realiseer.

### 2.11 Politieke geletterdheid

Binne 'n multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing is dit veral essensieel dat Geskiedenis 'n positiewe bydrae lewer om leerlinge polities geletterd en opgevoed te maak. Trümpelmann (1986 : 20-21) tipeer 'n polities geletterde persoon as volg:

* Iemand wat 'n kritiese kennis van die eie en ander staatfilosofieë en regeringstelsel het.
* Iemand wat bewus is van sy regte, pligte en die moontlike wyses waardeur hy betrokkenheid kan openbaar wat die politiek betref.
* Iemand wat oor kennis van die verweefdheid van die nasionale en internasionale politiek beskik.
* Iemand wat verdraagsaam, redelik en vatbaar vir ander se politieke oortuiging sal wees, mits hierdie standpunte nie die demokrasie as sodanig aantas nie en op redelikheid gebaseer is.
* Iemand wat die eenheid en verskeidenheid in die RSA in sy standpunte kan verreken.
* Iemand wat waardes soos regverdigheid, gelykheid voor die wet en die gelykwaardigheid van mense onderskryf.
* Iemand wat aanvaar dat ewolusionêre verandering gebaseer op rasionele debatvoering die wyse sal wees waardeur die maatskappy verander (indien nodig) kan word.
* Iemand wat aanvaar dat enige verandering slegs sal slaag as orde en stabiliteit heers.

### 2.12 Interafhanklikheid ("Interdependence")

Tooke (1989 : 4-7) gebruik die term "interdependence" in die verband van nouer samewerking tussen nasies, met behoud van ekonomiese en politieke strukture, sonder die prysgee van kulture en nasionale ekonomie. Binne 'n mikro-verband (byvoorbeeld 'n multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing) vereis dit 'n herdink en evaluering van verhoudinge ten opsigte van gelykheid van

geleenthede en verantwoordelikhede.

Dit gaan dus oor wedersydse afhanklikheid en samewerking en daarom moet daar wedersydse respek wees tussen groepe, verdraagsaamheid en 'n respek vir menseregte. Onderhandelingsvaardighede, die verwerping van die irrelevante, om kosbare waardes te behou, om 'n openheid ten opsigte van verandering te hê, om besluite te neem en medeverantwoordelikheid te aanvaar, is alles kenmerke van so 'n interafhanklikheid. Maksimale betrokkenheid is hiervoor nodig. Leerlinge kan dus leer waar huulle in die breër wêreld inpas.

Alhoewel dit vir Tooke om 'n breër idee en perspektief (Wêreldburgerskap) gaan, is daar tog aspekte hieruit vir Suid-Afrikaanse burgerskap wat relevant is. Geskiedenis handel oor die mens (in gebeure, tyd, ens.) en daarom kan Geskiedenis ook hieraan aandag skenk. Spesifieke programme kan ontwerp word, soos dié wat Swango (1989) in Indianapolis, Indiana volg om leerlinge geleenthede te bied om ander kultuurgroepe beter te leer ken en wedersydse begrip te ontwikkel. Dit kan egter nie net by plaaslike inisiatiewe bly nie, maar daar behoort op 'n breër nasionale basis hieraan aandag geskenk te word. Geskiedenis se besondere aard is by uitstek hiervoor geskik.

### 2.13 Kulturele volwassenheid

Behalwe dat leerlinge polities volwasse behoort te wees, moet hulle ook kultureel volwasse wees. Dit behels 'n begrip en kennis van en waardering vir nie net die eie kultuur nie, maar ook van elke ander kultuur. Geskiedenis handel onder andere oor die mens binne sy gemeenskap, terwyl min ander skoolvakke hul daartoe leen en as sodanig het eersgenoemde 'n verantwoordelikheid om na te kom.

Steyn (1989 : 19-20) beklemtoon dit ook dat daar nie 'n oorbeklemtoning van die eie moet plaasvind nie, maar dat kultuurverryking en akkulturasie erken behoort te word. Geskiedenis kan bydra om die inklusiewe en eksklusiewe benadering tot kultuur (kyk Kapp 1987 : 1 soos verwys na deur Steun 1989 : 21) te ontwikkel in 'n multikulturele Suid-Afrika. Die mens moet eksklusief aan sy eie kultuur verbonde bly, 'n eie kultuurmens, maar hy moet ook inklusief deel bly van die groter kultuurwêreld waarvan hy as individu, die groep as kultuurgemeenskap of aparte volk deel uitmaak. Die seleksie van leerinhoude moet met hierdie verskillende kultuurbehoeftes rekening hou.

### 2.14 Loopbaanopvoeding

Ook loopbaanopvoeding (die voorbereiding van die kind vir die lewe van werk) behoort aandag te geniet. Oormatige klem op akademies-vormende onderwys het al meegebring dat 'n negatiewe konnotasie aan tegnologiese en beroepsgeoriënteerde onderwys geheg word. Geleenthede tot ekonomiese vorming, tegnologiese oriëntering en produktiwiteitsleer moet binne die Geskiedenis-kurrikulum geïdentifiseer word en, indien dit ontbreek, ingebou word (Walters 1989 : 1). Ook binne 'n ontwikkelende multikulturele Suid-Afrika blyk dit essensieel te wees.

## 3. SLOTOPMERKINGS

Uit voorafgaande blyk duidelik dat Geskiedenis as vormingsvak 'n besondere waarde het. Dit is egter binne 'n multikulturele samelewing dat eise gestel word waaraan hy sal moet voldoen. Daar moet egter teen gewaak word dat die vak nie misbruik word en dat die diensbaarheidskarakter verlore gaan nie. Wanneer nie-pedagogiese oorweginge aangewend word om die vak te misbruik, verloor dit aanspraak op pedagogiese regverdiging (byvoorbeeld wanneer ideologiese oorweginge as uitgangspunt dien, wanneer leerlinge se denke gemanipuleer en selfstandige denkontwikkeling belemmer word) (Steyn 1989 : 23).

Daar behoort deurlopend 'n selfondersoek gedoen te word ten opsigte van wat sy besondere bydrae kan wees en wat sy waarde(s) is binne 'n multikulturele samelewing. Indien dit nog wel 'n rol te speel het, moet kurrikulumbeplanners (makro tot in klaskamer) 'n bewuste poging aanwend om hierdie waarde/bydrae binne kurrikula te akkommodeer. Leerlinge moet ook deur middel van onder andere die kurrikulum-inhoude kennis maak met hierdie waardes en dit toeëien. Dit is ook essensieel dat die breë gemeenskap ook bewus gemaak word van hierdie bydrae/waardes.

### BRONNELYS

Banks, J.A. 1977: *Teaching strategies for the social studies: inquiry, valuing and decision-making.* California. Addison-Wesley Publishing Company.

Carl, A.E. 1982: *Vakperspektief, doelstellings en onderwysende hantering van inhoude as dimensies van Geskiedenis-didaktiek. 'n Verkenning en sistematisering.* M.Ed., U.S.

Carl, A.E. Augustus 1983: Die moontlike waarde van Geskiedenisonderwys. Enkele perspektiewe. *Die Unie.*

Daniels, R.V. 1972: *Studying History: How and why.* New Jersey: Prentice Hall.

Dhlomo, O.D. 12 January 1989: "Education in a multicultural society". Paper read at the Education Association of S.A.

Dreyer, P.S. 1974: *Inleiding tot die Filosofie van die Geskiedenis.* Kaapstad, HAUM.

Fourie, A.L. Maart 1989: *Die implikasies van 'n multikulturele gemeenskap vir die skoolkurrikulum.* M.Ed., U.S.

Gunter, C.F.S. Augustus 1975: Oor Geskiedenis as skoolvak: Wat is Geskiedenis? *Die Unie.*

Kapp, P.H. 1986: Enkele gedagtes oor die onderrig van Geskiedenis. Toespraak by OLOS-Indiensopleidingseminaar van Geskiedenisonderwysers.




**WHY YOUR CHILD SHOULD DO HISTORY**

"I like History but I'm not going to take it for Matric because it won't help me in my career". This statement is FALSE for the reasons listed below.

Firstly modern methods of History teaching emphasize that history is a discipline and not a mass of dates and facts.

A study of history inculcates critical thinking. A person is trained to detect bias, not to accept things at face value and to examine critically all information presented to them.

A proper study of history teaches one the following skills: the ability to make decisions by weighing up available evidence; skills in research and the ability to present what one has discovered through research skills, in a meaningful concise way.

Any company or institution is faced at various times with problems. Any problem is halfway to being solved if its origins can be traced, something which a history student will be accustomed to doing.

As history is the study of man in the past, a proper study of history can yield an understanding of people, to a depth not provided by any other school subject. This is obviously very useful for any person going into a people related career.

Wouldn't you as an employer appreciate someone who has these skills?

In addition there are careers such as journalism, law and teaching which specifically require history or consider it to be of immense value.

History too has great intrinsic value. Ultimately our purpose at school is to educate pupils and to prepare them for an adult life, in which a career is only a part. A study of history, even at school level, goes a long way in preparing a child for this.

*Mrs M Wrigley (Germiston High)*